DIE OMGEEGEMEENTE

NGK SOMERSET-WES
Sedert 1819

6 Maart 2022

Bloeddiens

Ons herinner graag dat die Bloeddiens elke Maandag van 14:00 – 19:00 in die kerksaal is. Vebind jouself om iets merkwaardig te doen en skenk ten minste vier maal per jaar bloed.

BORG
van die maand

Oliviers Garage

Dick & Ryno Magson

021 854 4174

oliviersgarage@gmail.com

OLIVIER'S GARAGE
Since 1967

Dick & Ryno Magson
Vir persoonlike diens- For personal service

Gebedsonderwerpe

- Vir almal wie se lewens ontwrig word deur die konflik in die Oekraïne. Bid vir vlugtelinge wat sukkel om uit die land te kom. Bid vir die buurlande wat die vlugtelinge moet ontvang.
- Vir gemeenskappe wat met ernstige dwelm- en drankmisbruik te kampe het. Bid vir ouers wat hulle kinders daarteen probeer beskerm. Bid vir almal wat by rehabilitasieprogramme betrokke is – vir wysheid, geduld en deursettingsvermoë.
- Vir die aanstelling van 'n nuwe Polisiehoof. Bid dat dit die regte persoon sal wees om die Polisiediens te lei na groter doeltreffendheid in die stryd teen misdaad en korrupsie.
- Bid vir beskerming van vervolgde Christene wêreldwyd. Bid dat hulle die genade sal ontvang om haat met liefde te beantwoord en so ligdraers te wees.

Hannetjie Gericke: hannetjiegericke@gmail.com

MAART se deurkollektes

06 Mrt: Projek 2022/23
13 Mrt: Dienende Hande
20 Mrt: Nepal Uitreik
27 Mrt: Sinode: Arbeidsbediening

DANKOFFER BETALINGS:

1. Elektronies/internet bankdienste:

Rek naam: NGK Somerset-Wes
Bank: ABSA
Tipe rek: Tjekrekening
Rek nr.: 2900 590 132
Takkode: 632 005
Verwysing: Dankoffer/Kollekte

2. Snapscan:

SnapScan
Snap here to pay
Works with

3. Kontantinbetalings & koeverte:

Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofoffer koeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeg gemaak.

4. Debietordervorms: Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787.

Oggenddiens 09:00
Tweede Lydensweek

Baie welkom in ons erediens vanoggend. Ons is by die eerste Sondag in Lydenstyd en staan vandag stil by Romeine 10:5-13. Terselfdertyd het ons weer die voorreg om 'n seuntjie te doop. Hy is Johan Philip van der Westhuizen, die seun van Pieter en Marianka. Mag die Here sy doel met elkeen van ons bereik terwyl ons voor Hom stil is.

Ons wil tog weer mense wat in die omgewing woon en aanlyn ingeskakel is, vra om weer die eredienste fisies by te woon ter wille van die saamwees.

Roete na gestroomde eredienste: Besoek die webwerf by https://ngkerksomersetwes.co.za/ **ÓF** gaan na Youtube en tik in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes". Die jongste erediens sal bo-aan die blad beskikbaar te wees vanaf kort voor die eredienstyd.

Meditatiewe diens 07:30
Sondag, 6 Maart 2022

Loeriesfontein Droogtehulp

Elna Brand laat weet uit die Boesmanland dat hulle so dankbaar is oor die lieflike reën wat geval het en dat hulle daagliks verstom staan oor die groot verandering in die veld. Josephine kry heelwat navrae van gemeentelede van hoe hulle betrokke kan raak by Loeriesfontein. Op hierdie stadium is julle gebede vir die boere en hulle gesinne baie belangrik, want alhoewel daar lieflike reën geval het, bring die nuwe seisoen ook nuwe uitdagings. Bydraes is steeds welkom en word net so oorbetaal aan Loeriesfontein se Landbou-Unie wat die donasies aanwend volgens nood en behoefte. EFT-inbetalings in die kerk se tjekrekening (bankbesonderhede op afkondigings, webblad en kerkkalender) moet asb. duidelik gemerk wees met verwysing: Loeriesfontein.

Voorbidding

- **Cecilia Bain,** oogprobleme.
- **Hans Otto,** operasie.
- **Lynette Dobson,** hospitaal.
- **André Stassen,** ernstig.
- **Jan Mynhardt,** oogprobleme.
- **Paula Cooke**, herstel na operasie.
- **Isabel Pretorius**, met die afsterwe van haar ma.
- **Ottolie Cobbold**, vaskulêre ulkusse.
- **Danie du Plessis,** herstel na operasie.
- **Yvonne Meyer,** terminaal.
- **Buks van Zyl,** ongesteld na rugoperasie.
- **Chemie Prinsloo**, behandeling.
- **Elize Basson**, sterk tuis aan.
- **Pieter Lerm,** gesondheidsprobleme.
- **Phillip & Renate Retief**, gesondheidsprobleme.
- **Johanna Grobbelaar,** gesondheidsprobleme.

Bybelstudie
Woensdae

Oggende (2-weekliks):
16 Mrt 10:00 - kerk
Aande (weekliks):
09 Mrt 18:30 - Patmos

Gebedsgroep
Woensdae
Weekliks:

9 Mrt om 09:00 - kapel

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!